# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.


FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

DEEL XII. Vrydag 12 April 1957. No. 4.

# Gesag... by Rektor S.R. of Massa?

## *S.R. gee beleidsverklaring*

„Die Studenteraad sal dit waardeer indien die studente ook van hulle kant van „Die Wapad", die kennisgewingbord, persoonlike skakeling tydens en buite kantoorure met Studenteraads-lede en veral massavergaderings, sal gebruik maak ter bevordering van noue kontak" — het meneer F. W. de Klerk gesê tydens die Massavergadering, gehou die 25e Maart in die Studentesaal.

Volgens die Calvinistiese gesagsopvatting, kom alle gesag, ook in die sin van dwanggesag, van bo! Die Studenteraad besit dwanggesag wat van die Raad van die P.U. aan die Studenteraad oorgedra is.

**KOMMISSIE:**

In sy hoedanigheid as konvenor van die kommissie in sake die beleidsverklaring van die Studenteraad, het meneer F. W. de Klerk die saak beklemtoon dat die studente 'n duidelike onderskeid moet maak tussen 'n beleidsbepaling en 'n beleidsverklaring. By eersgenoemde bestaan daar nog geen beleid nie, terwyl daar by laasgenoemde slegs 'n verklaring gegee word van 'n reeds bestaande beleid.

Die doel van die kommissie was nie om die reeds besttande beleid krities te ondersoek nie of om in te gaan op die wenslikheid al dan nie van die bestaande beleid nie, maar om 'n uiteensetting te gee van die beleid.

**VERHOUDING VAN MASSA TOT STUDENTERAAD.**

Die Massavergadering mag geen besluit van die Studenteraad herroep nie, maar mag mosies in die verband aanneem ter oorweging deur die Studenteraad.

Langs bestaande weg kan die massa verder gaan, deur mosie op mosie in te dien. Hierna kan 'n kommissie afgevaardig word na die rektor. Die finale sê lê dan by die rektor. In hierdie sin het die massa dus 'n gesag, om 'n besluit van die Studenteraad by monde van die rektor te laat herroep.

**VERHOUDING VAN DIE S. R. TOT DIE MASSA.**

Om doeltreffende uitvoering aan so 'n verhouding te gee is voortdurende kontak tussen die Studenteraad en die massa noodsaaklik. Daarom wil die Studenteraad ten alle tye ten nouste saamwerk met alle P.U.-studente, in kontak bly met en op hoogte bly van die gevoelens van alle P.U.-studente oor sake van belang.

Die massa moet nooit van 'n wantrouestandpunt uitgaan nie, wedersydse vertroue is noodsaaklik. Die Studenteraad dien die massa met gesag. Beide gesag, dié van die Studenteraad en van die massa, is afhanklik van die rektor, maar vanselfsprekend het die Studenteraad groter gesag as die massa.

**DIE S.R. 'N VERTEENWOORDIGDE OF REGERENDE LIGGAAM?**

Die bestuur van 'n vereniging besit leidende en adviserende gesag wat hy van die kant van die vereniging kry, maar geen dwanggesag nie. Die Studenteraad besit dwanggesag wat van die Raad van die P.U. aan die Studenteraad oorgedra word. Die Studenteraad is dus 'n regerende liggaam.

Die Studenteraad is egter ook 'n verteenwoordigende liggaam. Die werk van die Studenteraad na binne is sy „regeerdersamp" en na buite sy „verteenwoordigende amp". Kragtens sy samestelling is die Studenteraad sekondêr ook 'n verteenwoordigende liggaam: die verteenwoordigers van die onderliggame soos Korps Veritas Vincet, A.S.B. en ander liggame vorm die Studenteraad en dié verteenwoordigers dek die hele terrein ven die studentelewe.

Aangesien u studenteraadslid primêr u regeerder is en nie u verteenwoordiger nie, moet hy kom uit die bekwaamste persone in die studentelewe en nie noodwendig uit dié wat die bekwaamste verteenwoordigers is nie.

**FINANSIES GESENTRALISEER!**


'n Nuwe kommissie het uitgegaan op die praktiese besware verbonde aan die wenk dat alle bankrekenings van die onderliggame gesluit moet word. Die konvenor van die kommissie, meneer Hendrik Erasmus, het tydens die massavergadering verslag gedoen van die ondersoek.

Dit blyk dat daar geen rede is waarom liggame soos Vreugdedagbestuur en die P.U.-Musiekvereniging aparte bankrekenings moet hê nie. Beide liggame is geraadpleeg in die ondersoek, waarna ooreengekom is op 'n algehele sentralisasie van die S. R.-finansies.

**DESENTRALISASIE:**

Die algemene beleid van die Studenteraad is desentralisasie van werk, verantwoordelikheid en gesag. Die Studenteraad is daarvan oortuig dat, wanneer desentralisasie nooit radikaal deurgevoer word nie en daar steeds 'n sterk gesagsinstansie met finale gesag oor spesifiek studentesakeis, die beleid nooit sal lei tot verbreking van die eenheid of tot 'n botsing van gesagsinstansies nie.

Die bestaande beleid stel ons in staat en verg van ons studente enersyds die gebruikmaking van eie inisiatief en andersyds om eendragtiglik saam te bou!



# Prof. Coetzee met Stalsprys vereer.

Prof. dr. J. Chr. Coetzee is deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Stals-prys vir Taal- en Geesteswetenskappe (Opvoedkunde 1957) vereer.

Die motivering vir die bekroning lui: „Prof. Coetzee word bekroon vir die ruim getal wetenskaplike werke wat hy gepubliseer het op die gebied van die Opvoedkunde, veral in die dertiger en veertiger jare."

Prof. Coetzee het talle werke oor die Opvoedkunde die lig laat sien, maar ons wys hier graag op die werke wat hy gelewer het op die gebied van die Teoretiese, Empiriese, Historiese en Praktiese Opvoedkunde.

Prof. Coetzee is in 1893 in die distrik Venterstad gebore. Sy skoolopleiding tot Std. VIII geniet hy op Venterstad en in 1909 lê hy die skooleindeksamen af op Worcester. In 1912 behaal hy die graad B.A.-Sc. aan die Teologiese Skool, Potchefstroom. Daarna studeer hy aan die Grey Universiteitskollege vir sy Onderwysdiploma. Nadat hy dit in 1914 behaal het, gee hy onderwys aan die Gimnasiums te Steynsburg en Potchefstroom. Vanaf 1921 was prof. Coetzee aan die Potchefstroomse Onderwyserskollege verbonde en vanaf 1925 aan die P.U.K. Vanaf 1 Desember 1953 is hy Rektor van die P.U. vir C.H.O.

Prof. Coetzee is in 1920 getroud met mej. A. J. van Rooy. Uit die huwelik is vier kinders gebore.

## W. J. SPAVINS & SEUN

vir alle

***Elektriese Benodighede***

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 101 — Potchefstroom.

Telefoon 185.

---

## DAMES!!

**Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie redelike pryse.**

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe WINTERVOORRAAD

## CACHET MODES (EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

POTCHEFSTROOM

---

## MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

•

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

---

## S. A. N. L. A. M.

Word verteenwoordig deur

**MNR. VENTER,**

Tomstraat 63 — Telefoon 1247,

POTCHEFSTROOM

**Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**

---

# G. H. Juweliers

Kerkstraat 129.

Herstelwerk Deskundige

Horlosiemaker en Juwelier

---

PUKKIES!!

SPAAR JULLE ENERGIE VIR GROTER DINGE

BESOEK:

## KOLLEGE

## ONTANT WINKEL

PUKKIES!!

ONS SPESIALISEER IN:

- Skoonheidsmiddele
- Skryfbehoeftes en
- Studentebenodighede.
- HORLOSIES.
- NAALDWERK

Vir alle Studente-benodighede

Hierdie is die winkel waarna julle al jarelank smag.

H/v Tom- en von Wiellighstrate.

---

## Central News Agency Ltd.

CNA

**Ons Voorsien in alle Universiteitsboeke, skryfbehoeftes, Plaaslike en Oorsese Tydskrifte en Koerante.**

Kerkstraat 139, — Telefoon 114

POTCHEFSTROOM

---

## PRESIDENT CAFE

and

## GRAND CAFE

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS
- and
- COOLDRINKS

---

## LOOCK & KEENEY

**Kleremakers**

**Calderbanksgebou,**

Kerkstraat 150 — Telefoon 855.

POTCHEFSTROOM.

---

Drink **S & S** en Geniet

DIE BESTE

## SUPER ORANGE
## TING-A-LING
## PEP-A-DILLA
## TOP HAT

SHERR & SHAKINOVSKY

POTCH. MINERAL WATER FACTORY

Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

---

## MOOIRIVIER-APTEEK

Kerkstraat 205,

POTCHEFSTROOM

Telefoon 380

**Die Apteek vir Diens!!**

---

# ALF CURADO

(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)

**maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee**

# ALF'S STUDIOS

**KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater) geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.**

'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUK-DIENS (Aflewering binne agt uur) word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.

**As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.**

Die Wapad

Vrydag 12 April 1957.

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

# A.S.B. en sy taak

Vanaf 15 tot 18 April vind die negende jaarkongres van die Afrikaanse Studentebond te Stellenbosch plaas en wel oor die onderwerp: „Die Afrikaner en die Buiteland". Dit is daarom nie onvanpas nie dat „Die Wapad" by hierdie geleentheid 'n hoofartikel sal wy aan die A.S.B. en meer bepaald aan die betrokke onderwerp.

Gedurende die aanvangsjare van die A.S.B. was die besprekings op die verskillende kongresse, maar ook die aktiwiteite van die Bond oor die algemeen in hoofsaak gerig op interne konsolidasie. Die Christelike-nasionale grondslag en ipso factolidmaatskap is meermale onder die vergrootglas gesien en is telkens herbevestig, sodat ons vandag met reg daarop aanspraak kan maak dat die A.S.B. op 'n christelik-gesonde en daarom 'n hegte fondament gegrond is. Maar ook noodsaaklike beleidsformulering in ander opsigte het die aandag geniet, waaronder veral die rassevraagstuk van ons land. Hierdie noodsaaklike vormingswerk het egter telkens die klag dat die A.S.B. slegs praat en nie ook doen nie, ontlok en daarom kan ons die aktiewe werksaamhede van veral die afgelope twee jaar en wel op elke vertakking van die Bond by hierdie geleentheid in dankbare herinnering roep.

Meermale het neerhalende kritiek in die buiteland en die ongunstige wêreldopinie veral in verband met ons standpunt ten opsigte van die rassevraagstuk, onder ons aandag gekom. Al dadelik het die A.S.B. hierop gereageer, want juis in die betrokke opsig lê een van die belangrikste nasionale roepinge van die Afrikaanse student opgesluit. Deur middel van die Departement van Buitelandse Studentebetrekkinge is skakeling met soortgelyke studenteorganisasies in die buiteland gemaak; pogings (tot dusver nog tevergeefs) is aangewend om sitting te verkry op die Internasionale Studentekonferensie (I.S.C.); jaarliks word 'n buitelandse studentetoer onderneem en 'n oorsese konserttoer wat alleen maar as 'n triomf beskryf kan word, is begin 1956 van stapel gestuur.

Maar die probleem strek veel verder, want die hele aangeleentheid is ten nouste verbonde aan die tradisionele gees van nasionale en territoriale isolasie van die Afrikanervolk. Daarom kan ons met waaragtige opregtheid die A.S.B. 'n geslaagde en geseënde kongres toewens.

J. D. v.d. V.

REDAKSIE

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Kooy; Aflos: Mej. L. Heslinga; Fotograaf: C. Harrington.

ADMINISTRASIE

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

## Oordenking

## DIE WERELD ROEP

Gen. 25: 31 en 34.

31 En Jakob antwoord: Verkoop eers jou eersgeboorte reg aan my.

34 En Jakob het aan Esau brood en die kooksel lensies gegee; en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. So het Esau dan sy eersgeboortereg verag.

„Verkoop aan my!" „Koop van my!" So klink die woorde van die hede. Dit vind ook plaas.

Die wêreld se ekonomiese bedrywigheid staan nie stil nie, nie vir een oomblik nie. Skepe, treine en vragmotors kom veral by oplaai- en aflaaiplekke tot stilstand.

Ons hele lewe bestaan uit gee en neem.

Ons offer ons krag en verstand en wat nie ookal nie op, vir 'n voorspoedige lewe. Telkens staan ons voor die keuse, of ons die een ding gaan prysgee vir 'n ander. En die persoon wat die waarde van die verskillende dinge goed kan skat is telkens die beste daaraan toe.

Die onkundige eindig met 'n bankrot boedel.

Kyk na Esau. Toe hy voor die keuse te staan kom, het hy die waarde van sy eersgeboortereg en natuurlike lewe teen mekaar opgeweeg, en besluit dat sy eersgeboortereg hom niks in die sak bring nie. Esau . . . . 'n man wat leef vir die hede. Op wild jag hy hom kapot. Sy kragte ruil hy vir wildsvleis en vir die kosbare aartsvaderlike belofte en seën doen hy niks. Daarvoor het hy nie geswoeg of gewerk nie, en kan die **waarde** daarvan des te moeiliker skat.

Die prys vir dit wat van korte duur is, is vir hom glad nie te hoog nie. Ons kry die „Esau"-gestalte terug in Demas, en in ons eie oue mens, wat die wêreldroep vir ons vertaal, die verleidinge skilder en op gehoorsaamheid aan die roepstem aandring. Ons sien dit dikwels by andere.

Die wêreld roep elke dag.

„Koop van my genot en plesier en vryheid sonder bande. Verkoop julle adel en ere, julle geloof, julle belydenis, julle godsdiens! Dit verkort julle regte op geluk en voorspoed! Dit belemmer julle vrye gang deur die lewe . . . . wat het julle daaraan? Eet en drink en wees vrolik! Drink met volle teue uit die beker van die hede!"

. . . . . . . . . . . . . . .

Na hierdie roepstem moet u nie luister nie . . . bedrog is dit, 'n boedel is dit wat in 'n jammerlike bankrotskap eindig . . . in 'n geween en geknars van die tande!

Luister na die roepstem van Christus: „Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy ryk word . . . ." Openb. 3:18.

Bereken dan nou, en altyd, die **waarde** van die dinge. **Dit** wat lei tot die ewige hemelse vreugde of **dit** wat lei tot die ewige helse smarte! Die rykdom van Christus of die rykdom van die hede!

Jag nie om die verganklike dinge nie, stry om die oue mens te oorwin—die wêreld te oorwin en aan u sal gegee word om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is!

**Verag** nooit die kosbare erfenis, van ons voorgeslag verkry nie.

**Verag** ook nooit die uitnemende erfnis, van Jesus Christus verkry nie.

Omdat ons nie daarvoor geswoeg het nie, moet ons dit daarom des te meer waardeer!

„O Timótheüs bewaar jou pand."

Koos du Plooy.

# A.S.B.-KONGRES

Van 15 tot 18 April sal 38 Puk-afgevaardigdes die A.S.B.-kongres, fakulteits-konferensie en Kunsfees te Stellenbosch bywoon.

Die kongresgangers sal deur die **minister van Buitelandse sake, adv. Eric Louw,** en dr. P. J. Meyer van Rembrandt, toegespreek word oor die tema: **„DIE AFRIKANER EN DIE BUITELAND".** Die Pukke se opinie in sake die kongres-tema word deur Dirk Postma, F. W. de Klerk, Chris Coetsee en Las van Wyk verteenwoordig.

Aan alle Puk-afgevaardigdes: Sterkte en Sukses!

# Advies en Futurum

Wil u meer weet, Kom besoek ons! Ons leer u terwyl u wag! Vir onkunde, kom na:

DIE DAM-INLIGTINGSBURO

(vir Onnoseles, Oningeligdes, Dommes, Nuuskieriges en ander Wysgere).

Prinsipaal: Kapt. Wilweet Know-Nothingatall, S.O.S. (Baviaanspoort), T.P.O. (Roelandstr.), S.G.P. (Sent. Gev. Pta.)

KURSUS I

**Hoe om die Goldrush te wen.**

**Lesing 1.**

Hierdie kursus geld alleen vir die ouhere van 1958.

**Lesing 2.**

Om hierdie kursus te kon opstel, het Kapt. Know-Nothingatall spesiale praktiese klasse bygewoon aan die B.U.K. (Bosveldse Universiteitskollege) en die S.S.K. (Strand Spyker Kollege). Hy het waardevolle inligting (en ondervinding) bekom, en sal dit in die volgende paar lesings uiteensit en ontvou.

**Lesing 3.**

Die doel van ons kursus is om die „Goldrush" te wen. Om dit te doen moet 'n mededinger sorg dra dat hy die hoofdame persoonlik ken. Die tweede stap is dan maklik, veilig en uitvoerbaar.

**Lesing 4.**

Sorg dat u ouers op Potchefstroom woon, of kom skryf 'n hereksamen. Dan is u reeds hier wanneer die Dore arriveer.

**Lesing 5.**

Op parooltogte tussen die Thaba Jähhek en die kafeteria bekyk u (en verkyk u u aan) die Dore. Soek en vind die regte een en onthou haar naam en gesig.

**Lesing 6.**

Hou u so ongeërg as moontlik. Lyk belangrik en probeer u bes om intelligent voor te kom. L.W. Moet nie in haar teenwoordigheid praat nie. Heel moontlik hou sy nie van u stem nie.

**Lesing 7.**

Memoriseer die vorige lesings.

**Lesing 8.**

Skiet die betrokke dametjie. Moenie 'n vuurwapen, 'n telefoon of 'n vriendin gebruik nie. Alleen die hoofdame deug vir hierdie ou joppie.

**Lesing 9.**

Hierdie lesing geld nie vir die student nie, want dit is die lesing waarin die betrokke dametjie ingelig word dat sy u moet skiet.

**Lesing 10.**

Lees lesing 6 weer sorgvuldig deur en pas alle aanduidings toe tot by L.W. wanneer sy u kom skiet. Maak u gesig toe en moenie oorywerig lyk nie. Antwoord „ja" op 'n teensinnige wyse.

**Lesing 11.**

Skaf ons kursus II—„Hoe om te Soen."—aan en bestudeer dit sorgvuldig. Pas dit dan toe wanneer u van die ontheffingsdinee terugkom.

**Lesing 12.**

Skaf ons Kursus III—„Hoe om te Kys"—aan en pas dit toe net nadat u Kursus II toegepas het. Pas Kursus II weer toe en siedaar! U sal die Goldrushwenner van 1958 wees.

**Lesing 13.**

Pos £1-1-0. „swot"-fooie aan bogenoemde Kollege.

# DIE SOEKLIG oor ons sosiale Skinderkolom

Dit lyk asof alles maar baie stil was aan die kysfront so in die laaste doodsnikke van die kwartaal, maar nou dat almal weer terug is en met Jool en sulke romantiese dinge soos vlotbou en -beplanning in die vooruitsig, koester ons hoë verwagtings van die Pukke.

In elk geval wil ons diegene wat die ou sakie beklink het met die oog op die uitwerking van die vakansie, nie vergeet nie: Ria Nel en Leon Swart.

Vandat „Stern's" 'n wedstryd uitgeskryf het, loop die verlowingskoors skynbaar hoër as ooit. Of wat het julle aangespoor, Johanna Schoeman en Henry Ranwell, Bettie Swart en Jannie Kruger, Tilly Robertson en mnr. de Vos?

## ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Ben Goerion gee raad.

**Student van Pots skryf:**

„Vir die afgelope week of wat, ly ek aan slaaploosheid. Ek kry die vreeslikste nagmerries en droom gedurig dat die dore my wil vang. Ek het al my jare om hulle van my lyf af te hou. Ek eet ook amper nie meer nie, want sê nou hulle vang my regtig? My ma het my altyd gewaarsku teen sulke evas en ek is ook maar 'n skaam outjie. Nou weet ek ook nie meer wat om te doen nie."

**Ben se antwoord:**

Jy is verlief en moet dadelik 'n afspraak maak met die besondere een wat jou ry. Ek twyfel nie daaraan dat 'n sekere doortjie jou hart gesteel het nie. Vir verdere besonderhede in julle plaaslike toordokter.

**Bettie Pitser skryf:**

Ek het onlangs met my man getrou, maar my ma het my nooit leer kos kook nie. Ek gebruik nou maar altyd blikkieskos, maar nou lê die moeilikheid by die vleis. My man is baie sterk en hy wil altyd genoeg vars vleis hê, maar ek kan nie vleis braai nie, dit want my man verseg om dit te eet. Wat moet ek doen?

**Ben se antwoord:**

Ek stuur k.m.g. (kontant met gebruik) vir jou 'n blikkie van ons spesiale ingevoerde „Vleissalf". Smeer die ongelukkige stuk vleis goed in met die salf op al die brandplekke.

**„'n Tokkelok se meisie" skryf:**

„My kêrel kla altyd verskriklik omdat ek, volgens hom, die slegte geverband met aanvalstegniek, spreek woonte het om my lippe rooi te maak en my neus in die openbaar te poeier. Ek voel baie ongelukkig daaroor, want 'n meisie kan nie daar sonder klaar kom nie. Nou die aand het ons reeds so 'n rusie gehad omdat ek hom toe gevra het hoekom hy sy snorbaard krul en draai in die openbaar. Hy sê ook dat hy skoon hoofpyn kry van die gekyk na al die aangeplakte gesigte.

**Ben se antwoord:**

Bekommer jou maar nie. Dis 'n bekende feit dat siektes gewoonlik die swakste deel van 'n mens se liggaam eerste aantas. As hy dus hoofpyn kry daaroor, moet jy weet dat die fout by sy hoof lê en dat daar êrens iets verkeerd is. Kry dus vir jou 'n ander brand altyd. Ek is al baie ongelukkig, kêrel.

# Hiervan en daarvan

Mnr. W. J. Putter ('n oudstudent) neem waar as locum tenens in die plek van prof. Smith, van die departement Liggaamlike Opvoeding, wat met ses maande siekteverlof weg is.

* * *

Tenders word tans ingewag vir die oprigting van 'n nuwe Plantkundelaboratorium met die nodige voorsiening vir Plantfisiologie. Die gebou wat £60,000 gaan kos, sal net langs die Administratiewe gebou, regoor die biblioteek verys.

* * *

In die boekjaar 1958—59 word o.a. beplan die oprigting van 'n gebou vir die Musiekkonservatorium en uitbreidings aan Dawie du Plessishuis. (Die mans reken dis nou hulle beurt!)

* * *

Mej. Laurika Postma is tans besig met die ontwerp van 'n reliëf van wyle Totius. Daar word beplan om die beeld in brons te giet en in die Totiusgedenksaal aan te bring.

FLEURETTE
BLOEMISTE
Kerkstraat 91,
POTCHEFSTROOM.
Bestel a.u.b. vroeg
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE.
TELEFOON 709

ARCADIA
Dames- en Mans-
HAARKAPPERS
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons leuse.
Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere

WESTVAAL
Studente !!!
VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK STUUR NA
WESTVAAL

# Toere tydens Julie-vakansie

Volgens meneer Hennie Coetzee, voorsitter van die A.B.K.K. sal „die feit dat ons nou drie toerende liggame het, ons die geleentheid gee om des te meer en doeltreffender na buite te werk as voorheen".

**Uit die A.B.K.K. se oogpunt gesien** sal die onderskeie onderliggame steeds trag om die saak van kuns en kultuur te bevorder. Daar word dan ook verwag dat die allerbeste aangebied sal word, veral wat die volkspele en volksdanse van die Alabama betref! Die A.B.K.K. sal die toerende liggame help—sover dit in sy vermoë is, om 'n sukses te verseker.

Die studentegemeenskap en Potchefstroomse publiek is terdeë op hoogte van die P.U.Musiekvereniging-talent. Die talent as sodanig regverdig reeds lankal 'n toer in die buitewêreld. Die A.B.K.K. twyfel nie aan die resultaat wat hulle eerste toer sal meebring nie!

Die gesamentlike doel van die toerende liggame is om „In U Lig" propaganda te maak vir die Alma Mater!

ALABAMA:

Die Alabama toer vanjaar per trein deur die Pro-Puk Noord-Oos Kaapland. Van die 27e Junie tot die 19e Julie sal 26 Pukke, benewens die algemene verskeidenheid, die volgende plekke met sang verras: Colesberg, Burgerdorp, Venterstad, Sterkstroom, Middelburg, Cradock, Molteno, Bethulie, Aliwal-Noord en ander plekke. Die Alabama sal ligte Afrikaanse (studente-) musiek en sang aanbied om geld in te samel vir die P.U.-Boufonds en die Hongaarse Noodledigingsfonds. Met Idyll se grappe en Willie van der Bank se buiksprekende pop is die toer voorwaar iets om na uit te sien!

P.U.-MUSIEKVERENIGING:

Die Noord-Transvalers sal tot die 16e Julie na 'n puik program kan luister. Die Musiekverenigingtoer sal onder andere Warmbad, Nylstroom, Potgietersrust, Pietersburg, Louis Trichardt, Tzaneen, Groblersdal, Randfontein en Krugersdorp besoek. Die 30 lede sal verskeie gewyde en klassieke koorwerke, ligte verwerkte volksliedere, klavier-, sang- en viool-solo's asook 'n blokfluitensemble aanbieid. Meneer Christie Roode het hom soos volg uitgelaat: „Ons wil die P.U.-Musiekvereniging aan die buitewêreld bekend stel, ons wil hulle ons talent wys en belangstelling wek vir koorwerke en blokfluit-ensemble-werk."

THALIA:

Waar Thalia die afgelope jare die ver terreine verken het, beoog hulle om vanjaar weer in ons ou Transvaal te toer. Oos-Transvaal-dorpe soos Standerton, Wakkerstroom, Ermelo, Breyten, Nelspruit, Witrivier en Barberton sal die Puk-spore na die Julie-vakansie duidelik toon!

Daar word reeds gewerk aan 'n vertaling uit Nederlands, naamlik „De Candidaat van Bommel". Dit handel oor verkiesing, en sluit dus nou aan by die skote wat reeds op politieke terrein gevuur word met die oog op die aanstaande algemene verkiesing.

Die Pukke verwag dat hierdie drie liggame nie alleen in die buitewêreld werksaam sal wees nie, maar dat plaaslike opvoerings die bewys sal lewer van hul sukses!

## Platsak.....Ryloop

Op 'n onlangse T.S.V. (Teologiese Studente Verenigingvergadering) het die vergadering 'n mosie van oom Hein Kruger eenparig aangeneem—'n mosie teen die modus ryloop!

Die bespreking het deeglik bewys gelewer dat die mosie gerig was op die beginsel van die saak. Die vergadering was bewus van uitsonderinge en het aldus nie 'n bloot teoretiese, maar ook 'n praktiese bespieëling van die gewoonte gegee.

Die beswaar was teen die **gewoonte** wat onder die studente posgevat het—'n gewoonte wat nie alleen gevaarlik is nie, maar wat ook in beginsel onwenslik is. Wat doen die dames as hulle platsak is . . . . . ,ryloop?

# Die Puk beproef

**Die woord „beproewing" behels nie alleen dat iemand se standpunt aangeval word nie, maar 'n vanselfsprekende gevolg moet wees (self-) ondersoek van eie standpunt.**

DIE PUK BePROeF

Onlangs is aan die adres van verskeie persone op ons universiteit 'n omsend brief gerig, wat handel oor die tydskrif „HALT" wat 'n sekere prof. F. J. Tromp, leier van die sogenaamde „Sentrale Nasionale Party" uitgee. In hierdie omsendbrief maak die leier sy beleid bekend insake die Rassepro-bleem: „Die Sentrale Nasionale party" is ten gunste van Naturelle vooruitgang MITS dit nie met Blanke Sekuriteit bots nie." „Halt" sal oproep **„tot die handhawing van Blanke Sekuriteit en Blanke politieke beheer."**

* * *

Die Skrywer handel onder andere oor die getalsterkte van die nie-Blanke, die Skole en Universiteite, die „Bantoe selfgenoegsaam", Rassehaat tussen Blanke groepe, die kleurling, familiebeperking en naturelle vooruitgang. Die Skrywer kritiseer bestaande politieke partye en stel hierteenoor 'n eie oplossing.

* * *

Merkwaardig van die omsendbrief is die feit dat die skrywer nêrens melding maak van „Christelike beginsels" nie, maar in sy oplossing eerder 'n „on-Christelike" weg voorstaan. Ons noem slegs een saak, en stel dit in vraagvorm, 'n vraag wat u vir uself kan beantwoord: Is genoemde doelstelling nie egoïsme in sy ergste vorm nie? Die handhawing van die „self" is te duidelik op die voorgrond!

* * *

Waar Christus is en waar Sy liefde die saambindende mag is, is geen sprake meer van „handhawing van Blanke Sekuriteit en Blanke politieke beheer" **in die sin waarin professor Tromp daarvan praat nie!**

SAAMWERK WINKEL,
VON WIELLIGHSTRAAT 35
Foon 515
Algemene Handelaars
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
KLERASIE,
en SKRYFBEHOEFTES
"Kom ondersteun ons Pukke!"

J. TOD SUTTIE.
Komplete
Mansuitrusters
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 177 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

KOM SIEN ONS—
vir al u
• Fotografiese
en
• Aptekersbenodigdhede.
GEEN & VELLEMA
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

DIE BULT
Algemene Handelaar
Von Wiellighstraat 46,
Foon 2025.
KRUIDENIERSWARE,
SIGARETTE en LEKKERS
RUDGE FIETSE en FIETS-ONDERDELE

VIR . . . . .
VIS, ERTAPPELS,
VERVERSINGS, ens.
Von Wiellighstraat 13,
POTCHEFSTROOM.
WELKOM KAFEE
Phone 369 Foon 369
POTCHEFSTROOM

INGRAM SE BOTTELSTOOR
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• Wynsoorte
en
• Spiritualieë

HAROLD'S
AUTOMOBILE SERVICE STATION.
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
•
Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.

# Uit die Kroniekboek

## (HANDELINGE VAN DIE GROOT RAAD)

Ten einde die Pukke op hoogte te hou met die doen en late van die Groot Raad (of te wel: G.R.) volg hier 'n paar uittreksels ensovoorts uit die kroniekboek van bogenoemde liggaam, soos gesien deur 'n joernalis met variabloed in sy are.

**WANNEER KOM ONS EIE FLIEK?**

Die Geldinsamelingskommissie onder voorsitterskap van neef Schalk is druk besig met die bymekaarskraap van die pitte nodig vir die aankoop van 'n nuwe projektor. Vername bron vir die verkryging van die nodige pitte, is deur die verkoop van kerskaartjies. Jammer dis nie elke dag krismis nie.

**Die G.R. en die Bus:**

Dis 'n saak waaroor die G.R. baie sterk voel, dié van die bus. Die Here XIV (drie dames ingesluit) is kliphard besig met planne beraam om die ryding aan te skaf. Ongelukkig is tot dusver maar baie stadig (maar darem seker) na die einddoel gevorder: in die lêers van die G. R. lê talle foto's van mooi busse wat deur firma's verkoop wil word. Geld is egter weereens die probleem. Wat die firma's wil verkoop en die G.R. kan koop, is tot dusver nie dieselfde nie.

**Sluiting van Cachet:**

Toe oom Ben en sy pyp besluit het dat die halfwegstasie, Cachet, van so min belang is dat hy maar afgeskryf kan word, het die hele Here XIV in opstand gekom. Gedagtig aan die groot dinge wat uit Jan van Riebeeck se halfwegstasie voortgekom het, is besluit dat daar geveg moet word om die bestaan van bogenoemde stasie te verseker. Met samewerking van die owerhede van die PUK is die slag toe gelewer en Cachet is behou vir die nageslag. Die leeue-aandeel wat oom Schalk as aanvoerder van die magte van die G.R. in die kryg gehad het, moet altyd in dankbare herinnering bly.

**Verslag i.s. Inlywingsaksie:**

'n Lywige verslag i.s. die inlywingsaksie van 1957 lê ter insae in die vergadersaal van die Here XIV. Die aksie was geslaagd. Daar was egter darem dingetjies wat gehinder het. Ons dink hier byvoorbeeld aan die oorlamse drake wat op die dag van die tarentaalaksie sommer die waardige ouhere ook op Tarentaal gesit het. Waar gaan ons ou Kompanjietjie heen as hierdie tipe ding toegelaat word om ongestoord voort te woeker? Dit blyk dat die senior lede van die Kompanjie besig is om hulleself te rysmier deurdat hulle toegelaat het dat die aksies wat tydens inlywing plaasvind, wyd en syd bekend word. Nou sal daar nuwe aksies uitgedink moet word en van die tradisionele bedrywighede links laat lê moet word. Die G.R. se Kommissie vir Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne gaan nog voort met ondersoek in die verband.

**Die Hongare:**

Hoewel hier nie optogte en vurige toesprake gehou is nie oor die slagting in Hongarye nie, is besluit om daadwerklike steun aan die Hongaarse immigrante te verleen. 'n Bedrag is reeds geskenk en deur middel van konserte ensovoorts word gehoop om verdere fondse vir die doel in te samel. Die ingesamelde gelde sal alleen gebruik word om protestantse vlugtelinge en by voorkeur dié reeds in Suid-Afrika te help. Die Pukke word gevra om hulle volle steun aan die saak te gee.

**Flitse:**

Onder druk (veral uitgeoefen deur nig Magrieta), het die owerhede die Here XIV beloof dat daar binnekort SPYKERBANKIES van hout op strategiese plekke sal verrys.

Die SWAK BYWONING VAN KONGRESSE deur lede van sy onderhorige liggame, is vir die G.R. 'n doring in die vlees. Hulle wil nou 'n fonds stig om mense na elke kongres te stuur. Die kantoor moet hulle egter net vroegtydig van sodanige kongresse in kennis stel.

'n Voorlopige verslag oor ERETOEKENNINGS op ander terreine as die van sport is ook êrens in die annale van die G.R. ter insae. Die saak gaan nog voort.

Op versoek van die blad „Panorama", moet 'n foto van ons joolkoningin aan hulle gestuur word. Ons verneem dat die Wapad se fotograaf mnr. Johan van der Vyver vanaand om 7.30 vir die doel sal afneem.

---

**ALLES NUUT ! !**
Van 'n nuwe uitbreiding
tot 'n nuwe FIETS.
Kom na
**PARK**
**Fietswinkel**
(F. F. TRANTER)
**H/v. Lombard- en Van Riebeeckstrate**
TELEFOON 995.

# BRIEWEBUS

## Akademie en kleure is apart

Posmahuis 6,
P.U. vir C.H.O.
28 Maart 1956.

Die Hoofredakteur,
„Die Wapad,"
P.U. vir C.H.O.

Geagte Meneer,

U hoofartikel in „Die Wapad" van 27 Maart wat gaan oor die verband, of liewer: die gebrek aan verband tussen die toekenning van kleure en akademiese prestasies het, soos blyk uit die gesprekke om die teekanne, die belangstelling van die lesers van u blad gaande gemaak. Daarom wil ondergetekende graag langs hierdie weg sy standpunt oor die hele aangeleentheid stel.

Al dadelik wil ek meld dat ek hoegenaamd nie saamstem met u standpunt in die betrokke verband nie. Maar net voordat ek my redes kortliks uiteensit, wil ek graag u aandag op die volgende vestig:

1. As ek dit reg het, het mnr. Van der Walt aangekondig dat ingegaan sal word op die kwessie van KULTURELE ere-toekennings en nie ere-toekennings a.g.v. akademiese prestasies soos deur u gemeld nie.

2. Die studenteraad van 1955 het reeds aandag gegee aan die vraag of ons kleure slegs aan akademiese tweedejaars toegeken moet word en het dit verwerp.

3. Ek voel my verplig om ernstig beswaar te maak teen die verband wat u trek tussen 'n student wat sy eerste jaar druip, ware P.U.Kanerskap en ons Calvinistiese lewensroeping. Die indruk is inderdaad geskep dat 'n druipeling geen ware PUK kan wees nie en dat hy slegs maar 'n „floue besef" het van sy Calvinistiese lewensroeping. Ek vertrou dat ek en die ander wat u woorde so geïnterpreteer het, u misverstaan het, want anders kan ek u standpunt nie anders beskryf nie as 'n voorbarige veroordeling. Dit het immers al dikwels gebeur dat goeie P.U.-Kaners en roepingsbewuste Calviniste, maar minder begaafde studente hulle eerste jaar nie geslaag het nie.

4. Agter u woorde: „indien die studentemassa die saak in beginsel goedkeur", wil ek, met verwysing na artikel VIII van die huishoudelike reglement van die Studenteraad (Studentehandboek, p. 62) 'n vraagteken plaas.

Om dan nou by die redes vir my standpunt te kom, net die volgende: Sonder om die daadwerklike verband wat daar bestaan en behoort te bestaan tussen student-wees op akademiese en ander terreine te ontken, het ons na my mening in die verband te make met twee duidelike onderskeie terreine, nl. dié van die akademie, wat erkenning geniet deur die toekenning van grade, beurse, ens., en dié van die studentelewe. L.g. is die terrein van die Studenteraad en slegs daarmee moet die Studenteraad hom bemoei. Daar bestaan immers 'n soortgelyke verband tussen die studenteskap en die studentelewe en die koshuislewe en tog sou dit voorbarig en ongewens wees indien die Studenteraad op laasgenoemde terrein sou inmeng.

Soos reeds aangedui is daar studente wat hulle eerste jaar druip en nogtans uitblink in die studentelewe. Dit sou 'n jammerte wees indien sodanige persone 'n kleurbaadjie ontsê sou word, slegs omdat hulle verstandelik minder begaafd is, maar selfs ook indien hulle lui studente is.

J. D. van der Vyver.

[Graag ontvang ons vedere briewe in verband met die saak. (Red.)]

---

**FAMILIE EN WEESKINDERS**

Geagte meneer die Redakteur,

Die getalle studente brei jaar na jaar uit! Wat is die invloed hiervan op ons Studentelewe?


Die ouhere en oudames kla oor die gees. Wat eie was aan die Puk in goeie ou dae, het geleidelik verwater. Die ou „familiegees„ van weleer het geword „weeskindergees". Die studentegemeenskap is nie meer 'n familie nie; die studente het hulle mede-studente vergeet en het weeskinders geword.

U sien in die probleemstelling tweërlei gevaar naamlik: massagees en die indiwidualistiese strewersgees! Vergun my 'n paar woorde oor beide.

Ons moet daarteen waak om nie ons persoonlikheid prys te gee terwille van die massa-gees nie, maar met net soveel krag moet ons stry teen die alleenloper-gees. Nou sou ek wil beweer dat ons aan albei kwale ly! Die ouhere (en -dames) sowel as die eerstejaars, en nie net die eerstejaars nie (maar hulle veral, dis plig en tradisie!) moenie kla oor die gees nie! Iemand wat kla ly self ook aan 'n kwaal, ons moet kyk wat ons-self kan doen en dan is daar nie meer so'n probleemstelling soos: Het die gees van die Pukke versleg?

Die gees bly dieselfde: „In u lig", maar die persoonlike gesindheid het verander!

Dankie vir plasing,
„Familielid."




# Boekbespreking

## NOVELLE VAN 'N ONVOLKOME LEWE

Die gegewe is nogal eenvoudig: die skrywer ontmoet 'n meisie in 'n badplaas, waarmee hy 'n tydlank 'n vrye liefdesomgang het. Sy pleeg later in die see selfmoord as gevolg van 'n ander misterieuse ontmoeting en die minnaar bly met 'n „onvolkomen hart" agter, 'n hart wat nie so-seer wroeging het nie, maar 'n hart wat deur die lewe ontgoël is: 'n hart sonder „alibi". Ook is die bewys van alibi hierdie novelle, wat die skrywer as brief vir sy vriend skryf. Geen betekenis nie, maar 'n uiters sensitiewe beskrywing van die gebeure.

Die ek-persoon se omgang met die meisie is van 'n besondere heftige aard—die lewe word met gulsige teue gedrink, dorstig en onbeheers om niks te laat verlore gaan nie. Sy is 'n figuur wat 'n mens partykeer by 'n Kafka teenkom of dikwels by 'n Couperus: die angs vir die dinge wat **moet** kom—die ouderdom: „Zij huiverde, inderdaad,zij schrok in paniek als zij met mij . . . . rijen bejaarde vrouwen moest voorbijgaan . . . . Zij had een bijgelovig gevoel van afgrijzen voor heksen, toverkollen . . ." Die leser kan met die skrywer haar losbandige lewe dan ook nie sonder meer veroordeel nie. Haaar vitaliteit (soos in baie skandinaviese romans), haar uitbundige lewenslus-uit-angs: „Tegenover de oude vrouwen verstijfde zij, de zee maakte haar los en sterk".

Op meesterlike wyse beskryf die outeur ongemerk haar ondergang: die onvolkomenheid van wedersydse liefde, die gedurige persoonlike eensaamheid, selfs in die „intiemste" oomblikke. Daar is nie sprake van 'n disillusie, maar van 'n onbewuste lewensangs, wat deur die lewe self gedemp wil word. Dan op die einde die besef, dat haar liefde die ander en die ander se liefde haar nie bereik nie, alleen die liggaamlike sekerheid; die besef van die onverbreeklike eensaamheid, wat die lewe doelloos maak.

Na haar dood, waaraan die minnaar volgens reg geen skuld het nie, rys die een lewensvraag na die ander. Hy ontmoet haar suster, „een oude vrijster, verlept, verzakt, verfluimd", wat duidelik op haar lyk: 'n afkeer maak hom van hom meester . . . die ouderdom, die vergane lewe en bowe-al: die eensaamheid.

Van der Veen kom dan ook nie tot 'n oplossing nie—dit sou trouens die boek verswak het. Die leser bly met die skrywer met leë hande agter. Met psigologie en teologie sou 'n mens miskien 'n „afdoende" toepassing kon gee. Die skrywer wil dit bepaald nie. Hy wil die lewe as LEWE, is opsoek steeds na nuwere en ander ontdekkinge van die „ek", wat die styl steeds moeisamer maak. Dit tril soms van intense lewensverlange en laat by die leser 'n oorweldigende indruk agter.

'n Novelle van die onvolkome lewe, 'n lewe wat nie eers 'n god met grote of kleine letter veronderstel nie. Hoe krities 'n mens ook lees, steeds weer boei dit, omdat dit in jou 'n klankbodem vind. Die verhaal van die onvolkome lewe en derhalwe 'n skyftrant, wat nie van ons maar tog wel vir ons is. 'n Lewe wat geen Christus ken nie en daarom kry hierdie novelle by besinning die vorm van 'n waarskuwing. Adraan van der Veen: „Alibi voor het onvolkomen hart" Arbeiderspers, A'dam.
(alom in die boekhandel verkrygbaar en in besit van die universiteitsbiblioteek.

# Musieknuus

Die musiekvereniging het nou opgewarm en hulle bied 'n vol program vir die komende kwartaal aan: Vrydagaand, 12 April, val hulle weg met 'n sonate-uitvoering deur die vioolspeler Derek Ochse en Pieter de Villiers.

Aan die einde van die kwartaal beplan hulle 'n optrede saam met Thalia in die vreugdedagkonsert.

Tussen hierdie twee groot aanbiedinge val nog allerlei, soos 'n optrede voor die A.S.B., die Apollo gemengde radiokoor van Carletonville wat gedurende Mei voor ons sal optree ens.

Intussen is die Musiekvereniging hard besig om die toerprogram in orde te kry. 'n Keuring van die items sal binne die eersvolgende week plaasvind waarna al die deelnemers hulle volle gewig in die onderneming kan gooi. Van die blokfluite wat aangekoop is, is vier sopraan- en een tenoorfluit reeds hier en die verwagting is dat die ensemble binnekort op volle sterkte sal wees.

GROOT NUUS: Die wêreldberoemde sopraan, Mimi Coertze, sal waarskynlik tydens haar besoek aan Suid-Afrika in Oktober en November vanjaar, ook hier in Potchefstroom voor ons optree!

Ai . . . . !

Nou-ja, help die Musiekvereniging in hulle stryd teen die miniatuur-gehore, Pukke, en hulle bied julle kuns van groot formaat!

**Studente . . . !!**
vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
Kerkstraat 126 —Telefoon 497

**TURKSTRA BAKKERY**
(Edms.) Bpk.
Kerkstraat 61.
RAADPLEEG ONS VIR . . .
- BROOD
en
- ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . . .

**SONSKYN KAFEE**
TOMSTRAAT,
POTCHEFSTROOM
VIR U —
SIGARETTE,
LEKKERS,
KOELDRANKE en
TYDSKRIFTE.
EN ANDER VERVERSING
ASOOK
SNOOKER.
UITSTEKENDE DIENS.

**J. P. van der WALT APTEEK**
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
**Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.**

**PRO REGE-PERS Boekhandel**
en
**Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke
en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

**OOSTHUIZEN Kole-agentskap.**
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

**CORNER FRUIT STORE**
★
„U KEN ONS!!"

**J. HEIDEMA**
Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)
Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede
TROU , VERJAARDAG- en
DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

★
**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
vir alle
SPORTUITRUSTING en
SPORTBENODIGDHEDE.
HARDEWARE,
★


# Groot dinge van THEOS verwag

Die eerste skote in die ligawedstryde klap Saterdag wanneer Theos kragte meet teen Western Reefs op Park A om vier-uur nm.

Theos beskik vanjaar weereens oor 'n puik span en in die agterlyn is daar genoeg slaankrag. Die voorspelers is vinnig en vertoon puik. Die enigste nadeel is miskien dat die voorspelers effens lig is en sal swaar leef in die vaste skrums. Indien die bal egter aan die agterlyn kan besorg word, kan daar groot dinge verwag word. In die voorry is daar geen moeilikheid nie en **Piet Steinberg** sal uit die lynstane die bal aan sy agterlyn besorg. Hy is vanjaar weer een van die staatmakers en sal sy span nie in die steek laat nie. Die losvoorspelers is lig maar is baie beweeglik en sal die wêreld warm maak vir hul teenstanders.

In die laaste vesting sal **Hendrik Erasmus** sake reg hou en lewer vanjaar sommer puik spel.

Indien daar 'n hegte samespel kan wees, kan Theos vanjaar groot hoogtes bereik.



Piet Steinberg in aksie.

# Atletiekfees

## EER VAL PUKKIES TE BEURT.

Een van die hoogtepunte in ons atletiek word Saterdag 13 April bereik wanneer die vier Noordelike Universiteite, t.w Tukkies, Wits, U.O.V.S. en Puk, teen mekaar kragte meet op die Park Ovaal.

Dit is die eerste keer in 'n lang tyd dat PUK die eer te beurt val om die byeenkoms aan te bied en na ons van Dr. J. A. L. Taljaard en die Atletiekbestuur verneem, is die organisasie reeds haarfyn in die haak en beloof die byeenkoms 'n reusesukses te wees.

STANDAARD:

Te oordeel na die inskrywings wat reeds ontvang is, sal atletiek van 'n hoë standaard gelewer word. Onder die inskrywings is die name van heelwat erkende provinsiale atlete opgemerk en die manne behoort mekaar deurgaans goed op te keil. Die Pukkies se span sal self goeie teenstand bied—ook aangesien die manne van Normaal wat op Puk ingeskryf is, by die span ingesluit is.

Mooi prestasies kan verwag word aangesien daar ook Springbokatlete ingesluit is en Tollie Burger, Willem van Heerden, Ken Boonzaaier, Hermina Geyser en Bettie Oberholzer word onder andere hier verwag. Volgens die tye van dié atlete is die moontlikheid dat 'n hele paar rekords verbeter sal word.

Die byeenkoms vind reeds om twee-uur plaas. Pukkies, woon hierdie byeenkoms seker by!

SUZETTE'S HAARSALON

Besoek ons vir kostelose deskundige advies i.v.m. u hare, die golwing.

SPESIALE TARIEWE VIR STUDENTE

TEVEDENHEID GEWAARBORG

Alleen die beste preparate word deur ons gebruik.

KOM EN OORTUIG U SELF.

# Krieketoorwinning vir Pukke.

'n Oorwinning vir die krieketspan moes volgens die wet van gemiddeldes plaasvind en . . . .

WEDSTRYD TEEN ELLATON:

In die tweede laaste wedstryd van die seisoen het die Pukke met boul-, kolf- en veldwerk uit die boonste rakke voor die dag gekom. Die beste vriend en grootste vyand van die spel—Reën, was al wat Ellaton van 'n beurtnederlaag gered het.

VERLOOP:

In hulle eerste beurt kon die opponente slegs 83 lopies aanteken. (Dijkstra 5 vir 35, Snyman 2 vir 7 en kêppie Ben Potgieter 3 vir 23).

Puk het voor die penne stelling ingeneem en 'n haastige 165 lopies, vir die verlies van 4 paaltjies, aangeteken (Christie Coetzee 12, **Ammi Venter** 45, **Ben Potgieter** 73 n.u.n. en Hessel Dijkstra 27 n.u.n.). Ben Potgieter het die Wes-Transvaalse bouler **Levy** links en regs oor die veld gemoker!

Nadat Puk sy beurt gesluit verklaar het is Ellaton ingestuur, wat teen die einde van die dag se spel slegs 47 lopies vir die verlies van 7 paaltjies op die telbord gehad het. (Dijkstra 4 vir 16 en Snyman 3 vir 22).

Die Pukke is nou vuur en vlam vir hulle laaste wedstryd teen Strathvaal; soos hulle nou **voel** en Saterdag gespeel het is hulle instaat om enige span kaf te draf.

EXCELSIOR MEUBELS

Kerkstraat 184 — Potchefstroom — Telefoon 743

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.

ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

JAY'S GARAGE

(K. NODEL, Eienaar)

Lombardstraat 5, Foon 175, POTCHEFSTROOM

Voorraadhouers en Handelaars in

- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERS,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"

('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n

FIETS aan te skaf.

C. V.D. MERWE

FIETSHANDELAAR

DIE BULT SKAATSBAAN

„PUKKE ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING"

Oop vanaf 7.30 in die aand